Rapport Sake 24 : 30 Januarie 2011.

Tussenganger kan jou help om regte besluit te neem- **Linza van Aswegen – Direkteur van die FIA en Voorsitter van die uitvoorende komitee oor gesondheid.**

Die hoofrede waarom ‘n verbruiker by ‘n mediese fonds aansluit, is die verwagting dat die gekose fonds sy mediese eise sal betaal.

Om hierdie verwagting te laat realiseer, is dit vir die voornemende lid van groot belang om ‘n ingeligte besluit te kan neem, sê me. Linza van Aswegen, ‘n direkteur van die vereniging vir finansiële tussengangers van Suider –Afrika (FIA) en voorsitter van die vereniging se uitvoorende komitee oor gesongheidsorg.

Dit is egter dikwels baie moeilik om te kies tussen die verskillende mediese fondse en talle opsies wat beskikbaar is. Bykomende faktore soos solvensievlakke, die gemiddlede ouderdom van lede en fondsreëls moet aanmerjing geneem word.

‘n Verkeerde opsiekeuse kan ‘n lid deur te staan kom wanneer daar eise of noodgevalle ontstaan wat nie deur die spesifieke gekose opsie gedek word nie en dit ernstige geldlike implikasies vir die lid meebring.

Die meeste mediese fondse verbied die lid om in die middel van ‘n kalendrjaar op te gradeer na ‘n hoër opsie wat meer geskik vir die lid en vir sy betrokke behoeftes sou gewees het.

Die diens wat die gesondheidsorgmakelaar aan die verbruiker kan verskaf, kan dus van groot waarde wees. Gesondheidsorgmakelaars of – tussengangers word gereguleer deur die Raad op Mediese Skemas sowel as die Raad op Finasiële Dienste.

Makelaars wat tot die FIA behoort, moet ook aan die etiese kodes voldoe.

Gesondheidsorgmakelaars is ook in besit van geskrewe kontrakte mediese fondse gesluit word.

Die gesondheidsorgtussenganger se vergoeding word deur die minister van gesondheid vasgetel. Dit word streng gereguleer en ‘n mediese fonds mag ‘n makelaar nie op enige ander manier vergoed as wat deur die wet voorgeskryf word nie.